Ligdraers

Nuusbrief van die Sinodale Getuieniskommissie—NG Kerk Vrystaat

*Posbus 1399, Bloemfontein, 9300 * 051 406 6729 * getuienis@ngkerkovs.co.za*

Mei 2011

Sendelinge uit Namibië besoek gemeentes

Gemeentes van die Ringe van Waterbron en Bloemheuwel het onlangs besoek ontvang van hulle sendelinge in Namibië. Die Ring van Waterbron ondersteun vir Ds Koos Engelbrecht en sy vrou Amanda wat die NG Gemeente Wildevy in die Grootfontein area bedien. Die Ring van Bloemheuwel ondersteun weer vir Ds Hendrik van Zyl en sy vrou Elize van die gemeente Tsumkwe in Boesmanland, in Noord-Oos Namibië.

Die Namibië Taakspan van die Sinodale Getuieniskommissie het ook saam met die sendelinge vergader. Hulle het opgewonde vertel van die mooi werk waarby hulle betrokke is. Vanuit DEGNOS, 'n opleidings- en dienssentrum in Grootfontein, onderneem hulle allerlei gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte, o.a. 'n bees- en bokboerdery, tuinmaak en 'n kurio-bedryf. Dit is belangrik dat die kerk ook by die konkrete nood van die mense in die streek betrokke raak en mense te bemagtig. Waaroor die sendelinge veral opgewonde is, is die opleiding van inheemse geestelike werkers. Dit is wonderlik om te sien hoe entoesiasties en toegewyd die voornemende geestelike werkers is.

Verskeie ondersteuningsgemeentes beplan om vanjaar weer uitreike na Namibië te onderneem. Die waarde van persoonlike kontak en die bou van verhoudinge tussen gemeentes en gestuurdes kan nie oorskat word nie. Die VGKSA Gemeente Heidedal-Suid, wat ook deel van die Taakspan is, onderneem elke jaar ook 'n uitreik na verskeie gemeentes in Namibië.

Voor (van links na regs): Amanda Engelbrecht, Elize van Zyl en Anton Meiring, Voorsitter van die Namibië Taakspan
Agter: Koos Engelbrecht en Hendrik van Zyl

Tragedie tref ons susterkerk in Zambië

Dertien kinders van die Chifubu Gemeente van die Reformed Church in Zambia in Ndola het op Sondag 15 Mei verdrink nadat hulle bus van die pad geloop en in 'n rivier beland het. Hulle was op pad terug van 'n jeugsaamtrek by 'n naburige gemeente. Die Algemene Sekretaris van die RCZ versoek ons Vrystaatse Kerk se voorbidding vir hierdie gemeente en die families.

Bekende leraar se weduwee oorlede

Die weduwee van die bekende Ds Dawid Snyman, voormalige sendingsekretaris en leiersfiguur van die Vrystaatse kerk, is onlangs in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Mev Louise Snyman was jarelank onderwyseres in Latyn aan die Oranje Meisiesskool. Die begrafnisdiens was op 20 Mei in die NG Gemeente Heuwelkruin. Sy word oorleef deur vier kinders, Jan en Mari-Louise, en die bekende rugbyspringbokke Jackie en Dawie Snyman. Met dankbaarheid word die diep spore wat hierdie gesin in die Vrystaat getrap het erken.